Maandag: Opleidingsinstellings

- Die uitdagings van die nuwe akademiese jaar, wat later as gewoonlik begin. Wysheid vir dosente en onderwysers.
- Die Matrieks van 2020 en hulle pad vorentoe.
- Veiligheid en koestering van brose en weerlose kinders.

Dinsdag: Die jeug

- Vir goeie vriende.
- Die maak van verstandige keuses.
- Goeie verhoudings tussen ouers en kinders.
- Wyse omgang met sosiale media.

Woensdag: Gesondheidsdienste

- Vir almal wat in die voorste linie teen die pandemie veg: dokters, verpleegsters, hospitaalpersoneel.
- Bid met name vir jou huisdokter en plaaslike hospitale.
- Vir die inenting van swakkes, kwesbares en bejaardes.
- Ambulansdienste en paramedici.
- Wysheid vir gesondheidsowerhede.

Donderdag: Sending en getuienis

- Elke volgeling van Jesus 'vrymoedige getuie s van Jesus.
- Bid elke kwartaal vir een sendeling en sy gesin by name.
- Verspreiding van Bybels.
- Reebok-gemeente:'n baken van lig en hoop in die gemeenskap .

Vrydag: Diens van Barmhartigheid

- Gemeente se kospakkie-projek.
- Tehuise vir bejaardes.
- Sentrums vir gestremdes.
- Diegene sonder ''n heenkome en haweloses.

Saterdag: Herlewing

- 'n Lewe van coram Deo: bewustelik voor die aangesig van God. Vêrdiepte verhouding met die Vader, die Seun en die Gees.
- Die bede dat die Gees vir ons nuwe harte sal gee en herlewing weer sal skenk, wat by my sal begin.
- Berou oor en belydenis van sonde.

"Vroegoggend, toe dit nog stikdonker was, het Hy opgestaan, buitentoe gegaan en na 'n verlate plek vertrek. Daar het Hy (Jesus) gebid.
(Mark. 1:35)

NG KERK REEBOK

"Bid sonder ophou."

(1 Thessalonisense 5:17)



2021

Plaas hierdie voubiljet in jou Bybel en bid asseblief getrou vir die werksaamhede van die gemeente in 2021

GEBEDSPUNTE VIR 2021

Personeel/Diensverhoudinge

- Die **predikante** en hul huisgesinne; ds. Gerhard van Dyk, dr. Kobus van Zyl en ds. Chris de Wet.
- Die **orreliste**: Hester Krige - begeleiding en koor.
- Die **koster**: Jurg Oosthuizen - die voorbereiding vir elke samekoms.
- Die **skriba/kassier** : Martina van den Berg - administrasie van die gemeentelike werk.
- Algemene werker: Dawid Heyns - tuin

Kerkraad

- **Blokleiers en wyksleiers**.
- **Diensgroepleiers**.
- Visionêre leiding en goeie. kommunikasie
- Vir die gawe van onderskeiding om die gemeente geestelik te begelei.
- **'n Fyn luister** na God om die dinge te kan onderskei waarop dit werklik aankom.

Getuienisaksie

- **Uitreike** na Suid-Soedan, Mosambiek en Botswana: vir fondse, middele en medewerkers.
- Jaarlikse **getuienisnaweek**.

Gemeentebediening

- Voortgaande groei in geloof, hoop en liefde.
- Dinamiese **kleingroepe:** Bybelstudiegroepe, huiskringe en wyksbyeenkomste waar ons mekaar en God ontmoet.
- Die **oudio-visuele ondersteuning** tydens eredienste.
- Er**edienste** tot eer van die Here.
- Die **toerusting** van lidmate.
- **Bedienings:** verwelkoming-, sieke- en Vrouebediening.

Jeug

- **Voorskoolse kinders**: kleuterkerk en die aanbieders.
- **Laerskool kinders**: Junior Kategese.
- **Hoërskool jongmense**: Senior Kategese.
- **Kategese-mentors**: vir getrouheid en 'n aanvoeling vir die unieke behoeftes van elke kind en jongmens.
- **Kampe**: vir fondse en voldoende hulpverlening deur ouers.

Barmhartigheid

- Vir God se deernis en ontferming vir mense in fisiese nood: kos en klere.
- Die uitdra van Jesus-liefde.

Eiendomme

- Instandhouding van kerkgebou, Strooidakkkerk en Gemeentesentrum, asook die onderskeie terreine.
- Mag die vaste bates van die gemeente die eer van God weerspieël!

Fondse

- Vir 'n koninkryksperspektief van God wat sorg en voorsien.
- Vir 'n ingesteldheid van gee en uitdeel vir die koninkryk van God met verantwoordelike rentmeesterskap.
- Vir wysheid in die opstel en bestuur van 'n begroting.

Benewens die werksaamhede van die gemeente in al sy wyduiteenlopende vorme, bid ons sistematies **elke dag van die week** vir die volgende koninkrykswerksaamhede:

Sondag: Die uitdra van die evangelie

- Dat elke prediker met die Heilige Gees vervul sal wees.
- Dat hoorders daders sal word.
- Dat gelowiges toegerus sal word vir hul dienswerk.
- Dat ongelowiges tot geloof sal kom.
- Die verspreiding van die Bybel.